Tema 1: <u>DIT IS DIE *HEILIGE* GOD VAN *LIEFDE* WAT ROEP</u>! Eks 3:1-10

CHRISTENE LEEF ROEPINGSGEDREWE

Wat DRYF jou, motiveer jou, gee jou energie? By diere en sommige mense is dit instink, drange en begeertes. Of dit kan ideale wees wat jy vir jouself gestel het, doelwitte wat jy wil bereik. **Kinders vd Here** is ROEPINGSGEDREWE. **So 'n Roepingsgedrewe lewe is op God ingestel**. Ons reageer op 'n roepstem van buite. DIT is wat ons motiveer en aandryf.
**Moses** is hiervan 'n voorbeeld. Hy *was* dit nie altyd nie, maar hy het dit *geword*. Daar was ook tye dat hy weer hierdie instelling op God *verloor het* – tot sy eie en ander se skade en God se teleurstelling.
Om 'n roepingsgedrewe lewe te leef is dit eerstens nodig om te weet

1. WIE DIE GOD IS WAT ROEP

1.1 HY IS GETROU
God se **verbondsbelofte** aan Abr was dat Hy aan hom 'n groot nageslag en die land Kanaan as 'n blywende besitting sou gee (Gen 17:2,8). Die **eerste deel** van die belofte is al in so 'n mate vervul dat die farao in Egipte drastiese maatreëls ingestel het om die Israeliete se aanwas te beperk (ons ken die verhaal). Jakob se gesin was maar 70 toe hulle in Egipte kom woon het en teen die tyd dat hulle Egipte verlaat het, was die mans alleen al by 'n 600 000! (12:37)
God is **getrou** aan sy beloftes en het nou besluit om die **tweede deel** van sy verbondsbelofte in werking te stel, nl om sy volk uit die slawerny te verlos en hulle na Kanaan toe te bring.

As Moses nie **so voortvarend** was nie en liewer op God gewag het, dan het dit dalk al vroeër gebeur en met minder pyn en lyding vir sowel die Israeliete as die Egiptenare, 'n mens weet nie. Maar hy het mos op 'n dag die reg in eie hande geneem en 'n Egiptenaar vermoor. Daarna moes hy vlug vir sy lewe. Sulke dinge gebeur wanneer 'n mens nie op God ingestel is of nie vertrou dat Hy getrou is nie.

Hy, wat **bevoorreg** was om soos 'n Egiptiese prins in die paleis groot te word, het nou skape opgepas – 'n soort werk waarop die Egiptenare neergesien het. Maar intussen het hy nederigheid **geleer** en die woestyn en woestynlewe leer ken. Hierdie ervaring sou hom later handig te pas kom. God het hom **nie verwerp** en as't ware in die woestyn gaan "dump" nie. Al was Moses ontrou, het God **getrou gebly**. Hy was, sonder dat

Moses dit besef het, besig om hom vir sy toekomstaak voor te berei. Br en sr, God is soms **ongemerk besig** om ons te vorm en voor te berei vir ‘n taak, maar ons besef dit eers baie later wanneer ons terugkyk oor ons lewe! Dikwels moet ons **ook eers** nederigheid leer en geoefen word om moeilike omstandighede te kan hanteer voordat God ons behoorlik kan gebruik. Ons DINK miskien God het ons verwerp of van ons vergeet, maar alles behalwe! *Hy wat roep, is getrou* (1 Tess 5:24).

Die tyd het egter aangebreek dat God hom aan Moses sou **bekend maak.** Moses moes weet **watter roeping** God vir hom gehad het. Maar eers moes hy goed besef **Wie** dit is wat hom roep.
**Ons het almal** ‘n roeping van God ontvang, maar voordat ons daarby kom, moet ons ook eers baie goed verstaan WIE dit is wat ons roep. Dis nog **dieselfde God** met wie Moses te doen gehad het.

1.2 HY IS ALMAGTIG
Moses was soos gewoonlik besig met sy **gewone dagtaak** toe hy die dag iets baie **Ongewoons** oplet: ‘n brandende doringbos wat brand en brand en net nie uitbrand nie! Watter normale mens se nuuskierigheid sou nou nie daardeur geprikkel geword het nie! Natuurlik sou hy nadergaan om te kyk wat gaan aan. Dit was God se manier om sy aandag te trek. God is **Almagtig**. Hy kan sulke dinge laat gebeur. Hy kan die *wette van die natuur* ophef – soos wat Hy ook later sou doen toe Hy die Israeliete deur die **Rooi See** laat trek het.

1.3 HY IS HEILIG
Maar **vuur en lig** is ook simbole van God se teenwoordigheid. Die **vuurkolom** wat die Israeliete later snags deur die woestyn sou begelei, was ‘n teken van God se teenwoordigheid. Op Pinksterdag het die HG met **tonge “soos van vuur**” op die mense neergedaal. Dink daaraan as jy weer voor die **kaggelvuurtjie** sit hierdie winter. Selfs net ‘n **kers** kan ons op ‘n simboliese manier daarin herinner: God is teenwoordig!
Waarom moes Moses dan sy **skoene uittrek**? Omdat die plek daar waar God op so ‘n besondere manier teenwoordig was, *“gewyde”,* heilige grond was. Dit was ‘n teken van **respek**. In sommige kulture werk dit vandag nog so. In ons kultuur trek ons eerder skoene *aan* as ons respek wil betoon.
Die belangrike is dat Moses moes besef dat God die **heilige** God is.
Hy is **anders** as mense. Hy het **geen sonde** nie. Hy kan sonde ook nie verdra nie.
God stel hom verder bekend as die God **van sy voorvaders**. Hy is God van *geslag tot geslag*. Hy het nie *begin of einde* nie, raak nie *oud en tree* nooit af nie, maw

1.4 HY IS EWIG
Hierdie God was dan ook nie vir Moses 'n totale **vreemdeling nie**. Hy het immers die eerste jare van sy lewe by sy ma grootgeword wat hom sekerlik van die God van Abr, Isak en Jakob sou vertel het. Daarom maak hy onmiddellik toe hy dit hoor, **sy gesig toe**.
Dit is vandag nog **elke christenouer** se roeping om hul kinders van hierdie God te leer. Dis ook wat **doopouers** belowe om te doen. Dis nie in die eerste plek die kerk se taak nie. Dis waarom **huisgodsdiens** so waardevol kan wees en waarom ons ons kinders soos wat hulle ouer word moet aanmoedig en help om op 'n sinvolle manier **stiltetyd** te hou sodat hulle die God van die voorouers in Wie se naam hulle gedoop is, al hoe beter kan leer ken. **Dieselfde God** wat ons vandag nog uit die Bybel kan leer ken, is ook HULLE God.

1.5 HY IS LIEFDE
Die God wat aan Moses verskyn het en wat deur sy Gees ook by ons teenwoordig is, is dus **getrou, almagtig, heilig en ewig**. Dis egter **nie a**l nie. Luister wat sê Hy nog: *"Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem."* (:7) Hy is 'n God wat *sien en hoor* wat met Sy mense aangaan en wat vir hulle **omgee**. Hy gaan ook oor tot *aksie*: *"Daarom het ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry…"* (:8)
Die **doop** het ons weer vandag daaraan herinner dat God heilig, getrou en liefde is. Hy het die wrld in Sy diepe geestelike nood *gesien, jammer gekry en tot aksie* oorgegaan, al het dit ook die dood van sy Seun gekos.

WAAROM OP HOM INSTEL?
Nou mag u vra waarom dit dan **so nb** is dat ons op hierdie God i**ngestel** moet wees? Die antwoord is omdat hierdie almagtige, heilige en getroue God van liefde **mense** by die uitvoering van Sy verlossingsplan betrek: Aan **Moses** "*Daarom stuur Ek <u>jou</u> na die farao toe sodat <u>jy</u> my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry."* Aan **dissipels:** *"Julle sal krag ontvang wanneer die HG oor julle kom en JULLE sal my getuies wees…"* JULLE, nie die HG of die engele nie!

2. ONS MOET WEET EN ALTYD ONTHOU WIE ONS ROEP, WANT

2.1 ons is geroep om SY VERTEENWOORDIGERS hier op aarde te wees. Gen 1:27 *"God het die mens geskep as sy verteenwoordiger…"* Daarom staan daar bv *"Wees heilig, want Ek is heilig' (*1 Pet 1:16). So verwag God ook van ons om vir ander mense **om te gee**, want Hy is 'n

God wat omgee. Anders is ons swak verteenwoordigers van Hom. Ons kan wel nie **almagtig** soos Hy wees nie, maar soms kan sy krag mense tot die bomenslike in staat stel (*Facing the Giants*). Sy **getrouheid** behoort in ons as sy verteenwoordigers se lewens weerspieël te word.

2.2 Tweedens: Wanneer ons op hierdie God ingestel is, sal ons **ontsag** vir Hom hê en Hom met die nodige *respek* behandel. *Moses* het oppad deur die woestyn God se roepstem gehoor maar nie gehoor-*saam* nie en is daardeur die voorreg ontsê om self die land Kanaan te kon binnegaan.

As ons nie die nodige ontsag en respek vir die God wat ons stuur het nie, gaan ons makliker **ons ore** vir ander stemme uitleen. In die wrld waarin ons leef, dra die **stem van** die modebase en die miljoenêrs, die pop idols en die sporthelde, die meerderheid of die vriendekring meer gewig as God s'n. Daar **word nie gevra** wat God sê nie, maar wat sê my *vriende*, wat sê die *tydskrifte* wat is "in" en wat is "uit", of wat sal my die meeste *in die sak* bring. DIT is waarop die wrld ingestel is.

2.3 Derdens: Solank ons op God ingestel is, sal ons **nie bang** wees om God se opdragte uit te voer of **moedeloos** raak nie. Die **Israeliete** moes voor die Beloofde Land omdraai en nog veertig jaar in die woestyn rondswerf omdat die meerderheid van hulle meer op die reuse Kanaaniete as op God ingestel was.

**Die HG** wat op Pinksterdag gekom het om vir altyd Immanuel, God met ons te wees, word met **verskillende name** genoem. Elkeen van die name sê iets van Wie Hy is en vir christene wil wees, bv *Trooster, Helper, Raadgewer, Advokaat of Voorspraak.*

Roepingsgedrewe mense is op HOM ingestel en nie op **die reuse** van ons tyd soos *Misdaad, Armoede, Vigs en Morele Verval* nie. Ons sien al hierdie dinge raak, maar laat nie toe dat DIT ons gemoed en gedrag bepaal nie.

Gal 5:25 *"Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."*

**'n Roepingsgedrewe lewe is op God ingestel.**

Komende onderwerpe …

<u>Dit is die *heilige* God van *liefde* wat roep</u>

**'n Roepingsgedrewe lewe is op God ingestel**.

1. WIE DIE GOD IS WAT ROEP

1.1 HY IS GETROU
1.2 HY IS ALMAGTIG
1.3 HY IS HEILIG
1.4 HY IS EWIG
1.5 HY IS LIEFDE

2. ONS MOET WEET WIE ONS ROEP, WANT

2.1 ONS IS SY VERTEENWOORDIGERS
2.2 ONS SAL DAN ONTSAG VIR HOM Hê
2.3 ONS SAL MOED Hê

**'n Roepingsgedrewe lewe is op God ingestel.**